# OORDENKING : HOU OP MET SING, TOTDAT….

*deur Stephan Joubert soos geskryf vir e-kerk*

In die kerk sing ons graag lofliedere en toewydingsliedere. Sondag na Sondag verklaar ons ons hartlike liefde vir die Here en ons gehoorsaamheid aan Hom. Dit hoort ook so. Maar wag, dalk moet ons onsself 'n slag afvra of ons eie singery nie soms net formele lippediens geword het nie? Wel, dan is dit hoogtyd om op te hou met sing totdat ons besef hoekom ons sing! Aanbiddingsmusiek en lofsange is nie in die eerste plek daar vir onsself om te geniet nie. In gewone Afrikaans gesê: dit gaan nie daaroor dat ons moet lekker sing nie. Sang is die diepste uitdrukking van ons aanbidding van ons wonderlike God. Ons liedere moet die Here eer. Dit moet Sy Naam GROOTmaak soos wat Efesiërs 5:19 ons leer.

Sang wat uit ons hart uit kom en wat Godwaarts beweeg, is 'n sigbare bewys van die Heilige Gees se vervulling. Daardie groot dankbaarheid in ons harte waarmee ons ons liedere in God se teenwoordigheid moet sing, is sigbare bewyse van die Here se vingerafdrukke op ons lewe.

Musiek moet ook deel van ons daaglikse aanbidding en toewyding wees. Nee, ons sing nie net tydens formele kerklike samekomste nie. Sang behoort spontaan deel te wees van ons daaglikse lewe. Dit weerspieël ons diepste dankbaarheid en berou, ons lof en ons gehoorsaamheid aan God. Kyk daarom na die woorde van elke lied wat jy van nou af sing. Dink voordat jy dit sing. Moenie oorhaastig dinge al singende vir God sê wat jy nie van harte bedoel nie. Sing liewers minder, maar meer opreg, as meer, maar minder opreg.

**Gebed**
Al singende verklaar ek U grootheid, goeie Here
Al juigende getuig ek dat U goed en groot is
U is vol genade en waarheid
U lig skyn helderder as die son
Daarom dat al U kinders vrolik is oor U
Ons jubel in U teenwoordigheid
Ons loof U mooi Naam
En ons doen dit in Jesus se Naam.  Amen

***Onthou: as ons sing, dan bid ons. Ons sing vir God, of ons sing glad nie! – Ds Leon Tait***



Maandblad NG Rietfontein-Suid

Die Rietfluit

Christus alles in almal!

NOVEMBER 2011

## Vrae oor Vergifnis (1)

Waar mense tussen ander mense leef sal daar altyd onreg en hartseer wees. Almal van ons is onvolmaak en sondig en sal ervaar dat ons seergemaak word en ons maak ander seer! Dit is die realiteit op aarde!

**Waarom mekaar vergewe?**

Dit is *God se alternatief* op die vernietigende en dodelike wet van vergelding. Die wet van vergelding nl as jy iets doen aan my moet ek jou vergeld in gelyke munt of selfs erger (wet van Lameg in Gen 4: as jy my skade aan doen sal ek jou 70 keer erger vergeld). As ons volgens die ou wet van 'n oog vir oog leef sal ons almal naderhand blind wees! Daarom is volkere vir eeue al in oorlog, want hul leef volgens die beginsel van vergelding. Die enigste manier om uit hierdie bose en vernietigende kringloop te breek is deur vergifnis! Dit is God se genade-antwoord op die genadelose vergeldingswet. Verhoudinge op alle vlakke en terreine is gesonder, draagliker en vreugdevoller waar persone met genade leef eerder as vergelding. Daarom leef Christene nie met swartboekies van ander se oortredings nie! Ons is nie genade-doders nie, maar genade-verspreiders!

Ons vergewe onverdiend *omdat God ons onverdiend van al ons sonde vergewe het!* Vergewe mekaar soos God julle deur Christus vergewe het (Ef 4:32; Matt 18:21-35). Wie vergifnis opreg ontvang het kan nie anders as om dit opreg aan ander te gee nie.

Ons vergewe mekaar, nie omdat dit natuurlik, maklik, regverdig, verstaanbaar is, ek so voel of dit verdien word nie, maar net *omdat God dit verwag!* So het Hy met ons gemaak en Hy verwag dat ons ook ander so sal vergewe (onverdiend!). Om te vergewe is 'n geloofsdaad van gehoorsaamheid en erkenning dat God 'n beter regter as ek is. So aard ek na my hemelse Vader.

Ons vergewe want *vergifnis het helende en bevrydende krag!* Dink aan Josef en sy broers; dink aan hoe Jesus vir Petrus herstel nadat hy Hom verloën het en dink hoe Jesus vir (ons) almal aan die kruis gebid het wat Hom gekruisig het nl Vader vergeef hul, want hul weet nie wat hulle doen nie! Dit maak ander en onsself heel en vry. Die gelowige moeder by die WVK, van 'n man en seun wat deur 'n sekere polisieman vermoor en verbrand is het met genade reageer. Toe aan haar gevra is wat sy van die moordenaar van haar man en seun wou sê, het sy geantwoord:

*Ek wil hom graag verseker dat ek hom vergewe en ek wil hom 'n drukkie gee om te wys dat ek dit bedoel. Verder wil ek vra dat hy weekliks na my huis sal kom dat ons kan kuier soos 'n ma en haar seun.* Die man het met trane flou geval, sy drukkie gekry en aan die versoek van die moeder voldoen. Dit het vir hom en die moeder heling en bevryding gebring. Wanneer jy kies om te vergewe gebeur 'n groot wonder: *you set a prisoner free, but discover that the real prisoner was yourself (L Smedes)*

Kom mede-begenadigdes, kom ons leef met genade en vergifnis in hierdie genadelose wêreld.

***Ds Leon van Heerden***

# !! ONTHOU DATUMS !!

- **6 Nov:** Doop @ 9:00
- **13 Nov:** Gesamentlike Kinderdiens
- **20 Nov:** Nagmaal & Kategese afsluiting
- **27 Nov:** Kerssangdiens

**Sien jou daar!**




**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike.
Kontak Ernst by 083 656 4992

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer!
Kontak Ilze 072 111 3100


**c'nanru eiendomme**

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemark om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies



**Naómi**

**082-804-1200 012-331-0015**




## *TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE*

Dit is byna ongelooflik, maar ons laaste byeenkoms vir die jaar vind plaas in die vorm van 'n FAMILIEFEES!! 2011 is sowaar besig om vinnig tot 'n einde te kom. Wat 'n wonderlike jaar het ons as *OMGEEgroepe* nie gehad nie. Al ons bymekaarkom geleenthede was werklik geseën en tye wat ons kon benut om sommer net mekaar beter te leer ken en vir mekaar om te gee.

Die hoogtepunt van die *Familiefees* is juis verhoudingsbou - 'n geleentheid wat geskep word sodat alle *OMGEEgroepe* se lede met mekaar kan verkeer. Natuurlik ook ideaal vir diegene wat nog nooit aan 'n Omgeegroep behoort het nie om te kom inloer en te beleef waaroor dit eintlik gaan. Die volgende kern-punte word uitgelig:

Omgeegroepe — Ons gee om.

- Lofprysing en Aanbidding (Sang)
- Gebed
- Lering / Bediening - Opbouing uit die Woord
- Danksegging en erkenning aan Omgeegroepleiers en Omgeegroeplede
- Sosiaal verkeer met tee/koffie en eethappie

Na die feestelikheid geniet almal tydens die erediens aandnagmaal.

***Wat 'n FEES en alle EER aan ons KONING!!***

***"PRIORITEITE IS WEEGSKALE WAAROP ONS LIEFDE VIR GOD GEWEEG WORD.***

***– DIE VERLOORDER SÊ: DIS NIE MY WERK NIE. DIE WENNER SÊ: TOE-MAAR, EK SAL DIT DOEN"***

***Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:***

***Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591***

# *PRES LES*

Beskikbaar: “Comforters”, dekens (quilt), linne en grodyne. “Professional cookware and induction cooker”.

- Kontank 5% afslag
- Krediet kaart 2.5% afslag.
- Terme - 10% deposito, 6 of 18 maande maadeliksepaaiemente

Benodig vol en/of deeltyds konsultante.
Geen kapitaal uitleg, slegs R150.00, 2 ID foto's en ID afskrif.
Geen aflewerings, skryf net bestellings.

**Kontak Allan Prentice by 012 331 3626 / 083 619 2676**

**Email - alpres@telkomsa.net**

To God the Glory

# MOOT CHRISTIAN ACADEMY

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

**At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:**

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.





*We serve the Community of God*
Contact us for an interview

**012-331-8274**

admin@mootchristianacademy.co.za

On the premises of NG Rietfontein Suid, C/o Ben Swart str. and 16th Avenue



## KERK TOE GAAN IS TOG BELANGRIK (Hebreërs 10:19-25)
**- Dr Fanie Rudolph**

**1. Inleiding:**

Ons hoor talle oproepe van mense dat die samekomste van gemeente nie belangrik is nie. Waar in die Bybel staan dit immers dat ons die eredienste en ander gemeentelike aktiwiteite moet bywoon? En wat is ons beter af nadat ons 'n erediens bygewoon het? Hebreërs 10:19-25 werp lig op die belangrike rol van die erediens in die gemeentelewe. Miskien moet ons net probeer om meer daarby uit te kom eerder as om eredienste te vermy.

**2. Kerk-wees gaan oor ons, nie oor my nie:**

Die redes hoekom mense gewoonlik nie by die kerk betrokke wil wees nie, gaan gewoonlik oor iets wat hulle persoonlik ongelukkig maak. In min gevalle gaan dit oor swak verkondiging of valse lering. In 'n verbruikersbewuste sameleweing wil ek net my behoeftes bevredig, en soek ek net na dit wat my tevrede stel.

Die Hebreërskrywer vestig in hierdie gedeelte ons aandag opnuut op die feit dat kerk gaan oor *ons* en veral oor God. God het sy deel reeds gedoen deur die volmaakte offer van Christus waaroor die skrywer breedvoerig uitgewy het in sy brief. Dit is hierdie volmaakte offer wat juis vir ons die deur oopmaak om by God uit te kom (Hebreërs 10:19-20). In die lig hiervan kom die oproep tot gelowiges (en let op die voortdurende gebruik van *ons*):

- Laat *ons* na God toe kom (Hebreërs 10:22). Natuurlik kan jy (en moet jy) dit in jou huis doen. In die erediens het jy egter te doen met 'n spesiale ontmoeting met God (saam met ander gelowiges). Hoekom so 'n spesiale geleentheid laat verbygaan?

- Laat *ons* vashou aan die hoop (Hebreërs 10:23). Gelowiges het hoop nodig om in hierdie lewe te bestaan. Daardie hoop kom van God af. Die skrywer het dit reeds bewys (Hebreërs 4:14-10:18). Die hoop is egter nie bedoel vir elkeen om vas te gryp en dan is sy hoekie te gaan sit en dit te geniet nie. Gelowiges moet na mekaar omsien. Die saamwees van die gemeente is die plek waar ons dit goed kan doen. Hoe? Die skrywer gee ook die antwoord:

- Laat *ons* na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade (Hebreërs 10:24). Ons moet mekaar nie net help nie. Ons moet mekaar motiveer, opbeur, reghelp en tot liefde bring. En dit kan ons net doen as ons tyd saam deurbring. Watter beter plek as die samekomste van die gemeente?

Wanneer die skrywer dan in vers 25 by sy oplossing kom, het hy alles reeds gemotiveer. Begenoemde is oorgenoeg rede om elke samekoms van die gemeente te wil bywoon. Boonop is die oproep dringender *"namate julle die oordeelsdag sien nader kom."* Want sien, die lewe vir gelowiges raak al hoe moeiliker. Die keuses raak al hoe onduideliker. Die versoekings en vervolgings druk al hoe swaarder. Ons het mekaar in sulke tye besonderlik nodig om staande te kan bly. Dan is dit goed om te weet daar is ander wat dieselfde stryd stry, wat dieselfde lyding ly, wat dieselfde hoop het.

Laastens: die skrywer motiveer nie sy mense om deel te wees van die gemeenskap om iets te kry nie. Telkens is die oproep tot hulle om iets aktief te doen. Hulle moet God nader. Hulle moet styf vashou aan die hoop. Hulle moet na mekaar omsien. Hulle moet mekaar motiveer om die eredienste by te woon. Die samekoms maak sin as ons met 'n gesindheid van gee eerder as ontvang daar instap.

## Kersfees Liggie fees 2011



**Jakaranda Kinderhuis**

Talitha Kumi str.

East Lynn

1 Des. - 31 Des. @ 19:00-21:30

Naweke & Vakansiedae @ 19:00-22:30

Laser vertoning 9 Des. @ 20:00

"Carrols by candle light"
3, 15, 23 Des. @ 20:00

Kontak persoon: Ninette Burger
Tel: 012 800 4700
Sel: 073 844 9266
E-mail: nburger@jacarandachildren.co.za



## NUWE DOOPLIDMATE


Die volgende paar kleintjies is gedoop die laaste paar maande:

**Caitlin & Biance Scheepers**

Baie geluk aan die ouers, Christiaan en Anita Scheepers.

**Darius Stephan de Waal**

Baie geluk aan die ouers, Cobus en Anena de Waal



**Mia Badenhorst**

Baie geluk aan die ouers, Wynand an Joey Badenhorst

You are happy…. When you see a flower and are thankful for the blessing

WEBWERF

**RIETFONTEIN-SUID WEBWERF:**

Besoek gerus die gemeente se dinamiese webwerf. Daar is 'n klomp nuwe ontwikkellinge om te sien en ontdek.

Hierdie Rietfluit kan ook elektronies afgelaai word.

**rietfontein-suid.ng.org.za**

## PETER SWEISMAN

Ek ontwerp en doen pragtige **STAAL-WERK** volgens jou behoefte en spesifikasies:

- Veiligheidshekke
- Gemotoriseerde Hekke
- Diefwering
- Kunstige Staalheinings
- Blomrakke en Staanders
- Vleisbraaiers
- Afdakke
- Wat ookal



**Kontak Peter Dorfling vir 'n kwotasie:**

**076 713 2167 / 012 331 0952**